

Woensdag 28 Augustus

Skrifgedeelte: Job 19:1-29

**Fokusgedeelte: Job 19:25, 27
(1933/53-vertaling)**

'n Geloofsblik op die verheerliking maak my situasie draaglik

Bankrotskap, siekte, depressie en dergelike beproewinge het daartoe bygedra dat Job se samelewing, familie, vriendekring, werknemers en selfs die kinders met veragting op hom neersien. Emosioneel gaan dit nie met Job goed nie, maar veral gaan dit fisies, liggaamlik, met sy gesondheid ook nie goed nie. Job voel sy swakheid en ellende aan sy lyf. Hierdie emosionele en liggaamlike ellendige toestand vorm die inhoud van sy “klaagsang” in hierdie hoofstuk.

Maar dan, uit hierdie “klaagsang” styg daar in Job 19:25 (ev) 'n “jubellied” op wat gebore is uit geloofskennis: “Maar ek, ek weet: my Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.”

Die inhoud van hierdie “jubeling” is die heerlikmaking. Dat die opgestane Christus die waarborg is van my salige opstanding. Hy triomfeer oor die dood en die graf. Nie net my siel word ná hierdie lewe dadelik tot Christus, my Hoof, opgeneem nie, maar hierdie liggaam van my sal Hy ook verlos en vernuwe gelykvormig aan sy verheerlikte liggaam. God skeep my liggaam en siel, Christus verlos beide siel en liggaam. Hierdie oë van my, wat nou versink in 'n swak, brose liggaam se oogkaste my ellende aanskou, hierdie oë van my sal uit 'n verheerlikte liggaam Christus, my Verlosser, aanskou.

Job ontvlug nie die werklikheid met hierdie vooruitsig op die verheerliking wat ons opgestane Verlosser waarborg nie. Job vind egter hierin genoeg sekerheid om aan vas te hou, om hom te troos en aan hom hoop te gee, in uiters ellendige omstandighede.

Is jou ellende emosioneel of fisies, liggaamlik? Put krag uit die verheerliking van hierdie liggaam wat op jou wag, waarvan jou Verlosser die waarborg is. Soos Paulus dit stel in Romeine 8:18: “Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.”

Sing: Psalm 73-1:5, 9, 10, 11

Ds. SJMS Smit (Faan) (Heidelberg)